UNIVERSITEIT STELLENBOSCH >>

nuusbrief no.2 / 2007
junie / june 2007

IN HIERDIE UITGAWE:
IN THIS ISSUE:

- toegangstoetse 'n moet!
- women in engineering
- sluitingsdatum vir aansoeke
- make use of our open day
- kry raad oor beroepe
- dvd helps with studies
- nuwe program in natuurwetenskappe

Navrae / Enquiries

Sentrum vir Voornemende Studente /
Centre for Prospective Students
tel: (021) 808 4709
e-pos / e-mail: maties@sun.ac.za
webpage: www.maties.com

Toegangstoetse 'n moet vir voornemende studente!

As jy volgende jaar aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer, moet jy vanjaar reeds tyd inruim om ons verpligte toegangstoets (TGT) te skryf. Jy word net hiervan vrygestel as jy van voorneme is om in die Gesondheidswetenskappe te studeer, maar dan moet jy die nasionale Gesondheidswetenskappe-plasingstoets skryf.

Die eerste geleentheid om die toets af te lê, vind op verskeie plekke in die land op 14 Julie plaas en die laaste ronde word op 29 September geskryf. Gaan loer gerus op ons webblad by www.maties.com om te kyk waar en wanneer jy kan skryf.

Onthou, as jy aansoek doen vir 'n keuringsprogram moet jy die TGT teen Augustus skryf.

Die uitslae van jou TGT's vervang nie die Senior Sertifikaat-eksamen nie, maar gee vir ons addisionele inligting wat onder meer by keuringsprogramme van waarde is. Vanaf 2008 (vir studie in 2009) word die TGT's selfs belangriker, wanneer die uitslae daarvan 'n gewig van 40% dra vir toelating tot die universiteit en jou matriekuitslae wat net 60% tel.

Onthou dat jy slegs TGT's sal kan skryf as jy reeds aansoek gedoen het om in 2008 hier te kom studeer en dus reeds 'n voorlopige studentenommer gekry het.

Volledige inligting oor die TGT's sal aan jou gestuur word sodra ons jou aansoek om toelating tot die universiteit ontvang het.

Vir meer inligting kontak Nicky Stoffberg by 021 808 4027of per e-pos by tgt@sun.ac.za.

Are you creative and innovative? Engineer your future **<< to top**

Grade 11 and 12 girls who do Mathematics and Physical Science on Higher Grade are invited to attend the Faculty of Engineering's **Women in Engineering** afternoon where female engineers and students will share their experience. Find out more about this creative, challenging and satisfying career.

When? **13 September 2007 from 14:00 to 16:30**

For further enquiries contact August Engelbrecht at 021 808 4205 or august@sun.ac.za.

Sluitingsdatum vir aansoeke **<< na bo**

As jy volgende jaar deel wil wees van die koshuislewe op Stellenbosch, beter jy wikkel met jou aansoek. Die sluitingsdatum vir koshuisaansoeke is 30 Junie 2007.
30 Junie is ook die sluitingsdatum vir die volgende keuringsprogramme:

- Alle Regsprogramme - BA (Regsgeleerdheid), BComm (met Regsvakke), BRekLLB en LLB
- BRek-program
- BA-program in die Visuele Kunste – strome Visuele Kommunikasie-ontwerp; Kreatiewe Juweliersware- en Metaalontwerp; Skone Kunste en Kunsonderwys
- BDram-program in Drama- en Teaterstudie

Die sluitingsdatum vir alle ander programme is **30 September 2007**.

Make use of our Open Day **<< to top**

We live in a world of endless choices. And one of the most important choices you can already make while in school is probably about your field of study and your career. What you need to make this important decision is information. Collecting as much information as you can about possible fields of study and careers can play a decisive role in your decision-making process. The more information you can obtain, the better your chances of making a sound and informed decision.
The Open Day on 1 August presents the ideal opportunity for you to obtain such information. Even if it is only to find out about things you may still be uncertain of.
Come and visit us in the Langenhoven Students' Centre (Neelsie) from 09:00 - 17:00.

If you require more information contact us at 021 808 2923 or maties@sun.ac.za .

-- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -

Kry raad oor beroepe op die web **<< na bo**

Omdat dit nie altyd prakties moontlik is om met een van ons beroepsvoorligters hier op Stellenbosch te kom gesels nie, bied ons saam met die jeugontwikkelingsorganisasie PACE 'n spesiale internetdiens vanaf ons webblad by www.maties.com (kliek op "hoe besluit ek wat om te studeer") aan wat jou met jou loopbaan- en studiekeuses kan help.

PACE streef daarna om bekostigbare voorligting oor loopbane en beroepe aan alle jongmense in Suid-Afrika te kry.

Jy kan gratis op die internet vraelyste oor jou belangstellings invul. Dit gee jou die kans om jouself beter te leer ken - en maak dit dus vir jou makliker om te besluit oor jou loopbaan- of vakkeuses te maak.

Boonop het ons webblad nuttige skakels en inligting oor 'n uitgebreide reeks loopbane, die tydsduur van naskoolse studies en finansiële hulp.

-- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -

DVD can help with your studies **<< to top**

Would you like to improve your study methods and learn how best to utilise the time you spend behind your books?

Stellenbosch University's LearnWell4Life DVD contains study tips that will help you get the most from your classes, organise your study material effectively and study independently. It teaches you how to approach problem-based subjects, how to utilise your time effectively and how to tackle tests and exams.

Issues such as handling stress and motivation are also addressed.

The DVD has been compiled by experts in the field and is based on years of research.
It is available in English, Afrikaans and Xhosa.

Visit www.equipu4.com or contact Marita Snyman at equipu4@sun.ac.za for more information.

-- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -

'n Nuwe program in Natuurwetenskappe: word 'n biowiskundige **<< na bo**

BioWiskunde, die BSc in Wiskundige Wetenskappe se nuwe stroom, skop in 2008 af. Dis die eerste en enigste program van sy soort wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit aangebied word.

Dis nommerpas vir studente wat uitblink in wiskunde en 'n voorliefde vir biologie, die natuur of mediese kwessies het.

Die program kombineer wiskunde, statistiek en rekenaarwetenskap en lei studente op om te help met die oplos van navorsingsprobleme in biologie en die mediese wetenskap – van vooruitskattings oor die invloed van MIV/vigs, malaria en tuberkulose tot die uitwerking van klimaatsverandering op Suid-Afrika.

Jy sal onder meer vakke soos Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarvaardigheid, Wetenskaplike Kommunikasievaardighede, Wiskundige Statistiek, Fisika, Biologie, Chemie, Biochemie en Genetika bestudeer.

Hierdie nuwe wiskundestroom is ontwikkel omdat daar so 'n groot behoefte in die molekulêre biologie, sisteembiologie, bioinformatika en ekologiese velde is aan navorsers met 'n sterk wiskundige agtergrond. Sulke navorsers sal presiese modelle vir eksperimentele data kan ontwikkel en analiseer.

Waar kan jy werk? As biowiskundige kan jy vir farmaseutiese maatskappye, die regering, gesondheidsorganisasies, in die landbou- en omgewingsektor of in die navorsingsveld werk.

2008 se toelatingsvereistes vir hierdie stroom is:

- Wiskunde HG: D of SG: B **EN**
- Natuur- en Skeikunde HG: E of SG: C **OF** Biologie HG: E of SG: C

-- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- --- -- -- -- -- -- -- -- -- -- -

Stuur asseblief enige nuuswaardige nuusbrokkies of artikels aan lbar@sun.ac.za.
Please send any newsworthy news bits or articles to lbar@sun.ac.za.

Kanselleer ontvangs / Unsubscribe